

VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag

1. Wie was Josua?
2. Waaroor was Josua bekommerd?
3. Wat het Josua die volk laat doen?
4. Wie het die volk gekies?



Dinsdag

1. Hoekom het Josua hulle voor die keuse geplaas?
2. Was jy al voor keuses geplaas?
3. Vertel hoe het jy gekies?
4. Weet jy van iemand wat al verkeerde keuse gemaak het?



Woensdag

1. Wat is die eerste gebod van Moses?
2. Glo jy dit?
3. Wat sal gebeur as ons afgode aanbid?
4. Wat is afgode?



Donderdag

1. Hoe kan jy weet of jy die regte keuse maak?
2. Watter ander gode is om ons elke dag?
3. Kan jy n maatjie help die week met regte keuses?
4. Help pappa en mamma die week



Josua 24:14,15 Josua daag die volk uit

Deuteronomium 6:4: 'Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.'

Wat sal jy doen as jy weet jy het nie meer baie tyd oor om te lewe nie? Sal jy graag iets belangriks vir jou maats of jou familie wou sê? Josua het aan die einde van sy lewe gekom. Hy het een laaste vergadering met die volk van Israel gereël.

Josua was die leier van die volk Israel. Toe die volk uit Egipte getrek het, was hy 'n jong man. Hy was een van die enigste twee verspieders wat geglo het dat God Israel kan help om die reuse te oorwin. Later het hy die volk gelei toe Moses dood is. Hy het die volk in die beloofde land Kanaan ingelei. Hierdie man het groot wonders in God se naam gedoen! En nou het hy aan die einde van sy lewe gekom.


By die laaste vergadering het Josua die volk laat kies. Ons God dwing niemand om Hom te dien nie! Josua het gesien dat die volk maar altyd weer wou teruggaan na ander gode en hulle ook wou dien. Hulle het so bly hink op twee gedagtes. By hierdie vergadering het Josua gesê: "Vrees dan nou die Here en dien Hom in opregtheid en waarheid en verwyder die gode wat julle vaders gedien het oorkant die Eufraat en in Egipte en dien die Here. Maar as dit verkeerd is in julle oë om die Here te dien, kies dan vir julle vandag wie julle wil dien: of die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het, of die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon, maar ek en my huis, ons sal die Here dien."

Die volk het al die goeie dinge onthou wat God aan hulle gedoen het en geantwoord: "Nee, maar ons sal die Here dien."

Josua het dit duidelik gemaak dat mens net een God kan aanbid. Die volk het ingestem. Josua was bly dat hulle saam met hom hulle lewe weer toegewy het aan die enigste ware God. Vandag moet ons ook gereeld keuses maak. Gaan ek my eie kop volg en dinge doen wat my wegtrek van God af, of gaan ek die enigste God heelhartig dien? Daar is net een ware God. As ons Hom erken en aanbid hoef ons vir niks bang te wees nie. Hy sal by ons wees tot aan die einde van ons lewe.

Vader, dankie dat U die enigste ware God is. Ek kies vandag weer net vir U. Ek en my huis, ons sal die Here dien!

AKTIWITEIT VIR DIE WEEK



DWARS

2. Josua was die leier van wat se volk?
7. Hy was een van twee?
8. Daar is net _____ God
11. Wat het hierdie man in God se naam gedoen?

AF

1. " _____ dan nou die Here en dien Hom
3. Wie het die volk gekies om te dien?
4. Wat het hy met die laaste vergadering die volk laat doen?
5. Dien Hom in _____?
6. Wie het hy geglo God kan Irael help oorwin?
9. In wat se land het hy die volk ingelei?